higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010454)

29 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: A4-tekenpapier

Sakrekenaars mag gebruik word.

Kandidate benodig tekeninstrumente.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 3 addenda.

123Q1B2029

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin 'n vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Voor- en agter-… word op basiese lyfiepante by die armsgat gemerk sodat die nodige mate geneem kan word.

A reghoekigheid ('squaring')
B verdeling ('divide')
C hellings ('pitches')
D kepies

1.1.2 Die deel van die bors wat die verste uitstaan:

A Borsprominensie
B Spil ('Pivot')
C Middellyfinkorting ('Waist suppression')
D Pylnaat

1.1.3 Te vinde op die skouer van die basiese voorlyfie, en die middellyf van die basiese romppant:

A Skuinstes
B Belegsel
C Platpatroonskets ('Flat pattern drafting')
D Kontrolepylnaat

1.1.4 Om loodlyne te trek:

A Stel gelyk ('Parallel')
B Trek reghoekig ('Square')
C Draai
D Verdeel

1.1.5 Om 'n lyn vertikaal of diagonaal dieselfde afstand as die eerste lyn te trek:

A Stop halfpad ('Midway')
B Verdeel
C Stel gelyk
D Spildraai

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Om die 90°-hoek in twee 45°-hoeke te verdeel:

A Verdeel
B Draai
C Halveer
D Reghoekig trek

1.1.7 Presies in die middel van twee bekende punte:

A Parallel
B Halfpad
C Hoek
D Grade

1.1.8 Die swaai van 'n boog vanaf 'n sekere vaste punt:

A Reghoekstelling
B Meting
C Verdeling
D Spildraai

1.1.9 Die gelyke verspreiding van volheid sonder om plooitjies te vorm:

A Inryging ('Ease')
B Verspreiding
C Pylnaatpunt
D Kolle

1.1.10 Oordra van patroonmerke op 'n stuk glaspapier ('transparent paper'):

A Natrek
B Wig
C Gebruik pyltjies
D Klok

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Word gebruik om lyne met verskillende hoeke te trek	A	liniaal
1.2.2	Metalliniaal met twee arms wat 'n 90°-hoek vorm en met 'n skaal aan die agterkant	B	tekenkromme ('French curve')
1.2.3	Word gebruik om basiese pantpatrone te ontwerp en is gemerk met al die nodige afmetings vir sketse volgens eweredige meet“stelsels”	C	els
1.2.4	Word gebruik om lyne reghoekig te plaas in patroonontwerp	D	stelbare driehoek
1.2.5	Word gebruik om naattoelatings op 'n voltooide patroon te maak	E	geboë liniaal ('curved rule')
1.2.6	Word gebruik om lang, reguit lyne te teken en te meet	F	potlood
1.2.7	Word gebruik vir lengtekrommes op tweestukmoue, lapelle en vir sekere soorte kloksoomlyne	G	driehoek
1.2.8	Word gebruik om krommes te trek wanneer patrone ontwerp word; van plastiek gemaak, met 'n loodkern	H	jaartstok
1.2.9	Word gebruik om alle soorte krommes te trek wanneer patrone gemaak word	I	graaddriehoek
1.2.10	Maak klein gaatjies om pylnate se keerpunt, gradering (‘trim’), detail, knoopsgatplasing, sak se posisie op patrone aan te dui	J	buigsame liniaal
		K	snyersreghoek
		L	patroongewigte

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Om bors te meet, neem die maatband om die bors en oor die skouerblaaie agter.

1.3.2 Om middellyf te meet, om die borsposisie.

1.3.3 Om heup meet, om die breedste deel van die onderste helfte van die lyf.

1.3.4 Om agterste lengte tot middellyf te meet, vanaf agternekholte tot middellyf by middelagter af tot by die natuurlike middellyflyn.

1.3.5 Om oor die rug te meet, vanaf die voulyne waar die arms oor die voorkant by die lyf aansluit.

1.3.6 Om middellyf tot knie te meet, vanaf die natuurlike middellyf tot by kruisvlak.

1.3.7 Om skouerwydte te meet, vanaf nekkurwe tot skouerrand.

1.3.8 Om voor tot by middellyf te meet, vanaf punt van nekholte voor af na die middellyflyn.

1.3.9 Om skouer-tot-polslengte te meet, vanaf rand van die skouer tot by die elmboog.

1.3.10 Om binnearmlengte te meet, van die onderkant van die mousgat tot by die pols.

(10 × 1) (10)

1.4 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Reguit lyn wat die rigting om die patroondeel op die materiaal uit te lê, aandui

1.4.2 Die reguit lyne is gekrom met pyltjies wat na die punt van die patroonpylnaat wys.

1.4.3 Die grootste mate op die laer deel van die liggaam

1.4.4 Merke om die passende/balanserende punte vir die passing van dele van die kledingstuk aan te dui

1.4.5 Beperkte volheid in 'n kledingstuk (verwydering van volheid)

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.5 Beskryf die volgende patroonkonstruksieterme/-woorde. Skryf jou antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Snylyne

1.5.2 Naattoelatings

1.5.3 Direkte maatstelsel

1.5.4 Splitsing ('slashing')

1.5.5 Klokvorm

(5 × 3) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

1. Alle sketse moet op die bepaalde skaal gedoen word.

2. Sketse moet op WIT TIKPAPIER gedoen word. Gebruik 'n swart fynomlynpen om duidelike konstruksielyne te trek. Moenie die sketse uitsny nie. plak die sketse in die ANTWOORDBOEK.

3. Dit is nie nodig om enige van die pante vir beplanning en bewerking na te trek nie.

4. Genoeg basiese pante word verskaf vir die beplanning en bewerking. Gebruik die WIT TIKPAPIER vir bewerkings.

5. Bewerkings moet dadelik in die ANTWOORDBOEK geplak word. Voeg dan naatoelaings en soomtoelatings by, indien nodig.

6. Geen los dele sal nagesien word nie.

7. Nommer al die vrae duidelik en korrek.

8. Moenie rooi of groen penne gebruik nie.

VRAAG 2

Skets 'n vyf-jarige seun se basiese hemppant op halfskaal deur van die volgende instruksies en mate gebruik te maak:

MATE

Volle lengte van hemp	43,5 cm
Borsmaat	58,5 cm
Oor die bors	25 cm
Oor die rug	26 cm
Agterlengte	27 cm
Skouerwydte	9 cm

INSTRUKSIES:

In halfskaal merk 1 as beginpunt op die linkerkant van papier.
Trek loodlyn af en uit vanaf 1.

1–2	=	Volle hemplengte af. Teken loodlyn na regs.
1–3	=	Halwe bors plus 3 cm na regs. Teken loodlyn afwaarts.
4	=	Waar 2 en 3 ontmoet. (Voltooi die reghoek.)
5	=	Halfpad tussen 1 en 3.
6	=	Halfpad tussen 2 en 4. Verbind 5 met 6.
1–7	=	Halwe ruglengte tot middellyfmaat plus 1 cm. Teken loodlyn na regs vir 8 op die 3-tot-4-lyn vir die armsgat- dieptelyn.
9	=	Halfpad tussen 1 en 7. Teken loodlyn na regs vir 10 op die 3-tot-4-lyn.
1–11	=	Een kwart oor rugmaat gemeet na regs.
11–12	=	Teken loodlyn opwaarts 1 cm. Buig die agterhalslyn.
3–13	=	Afstand van 1 tot 11 na links.
13–14	=	Teken loodlyn opwaarts 1 cm.
3–15	=	Afstand van 3 to 13. Buig van 14 tot 15 vir die voorhalslyn.
1–16	=	Agterlengte na middellyfmaat afwaarts. Teken loodlyn uitwaarts na 17 vir die middellyflyn. Trek 'n stippellyn 1,2 cm onder die 1-tot-3-lyn.
12–18	=	Skouerwydtemaat diagonaal op die stippellyn. Verbind 12 met 18 vir die agterskouerlyn.
14–19	=	Skouerwydtemaat diagonaal op die stippellyn. Verbind 14 met 19 vir die voorskouerlyn.
9–20	=	Helfte van maat oor die rug plus 6 mm na regs vir die lyn oor die rug. Teken loodlyn afwaarts op die 7-tot-8-lyn.
10–21	=	Helfte van maat oor die bors plus 6 mm na links vir die borslyn. Teken loodlyn afwaarts na 7-tot-8-lyn.
22	=	1,5 cm onder waar die 7-tot-8-lyn en 5-tot-6-lyn kruis. Buig die agtermousgat vanaf 18 deur 20 na 22. Buig die voormousgat vanaf 19 deur 21 na 22. Voeg 1,5 cm by by middelvoor vir knoopsgat by middelvoor vir knoopsgatposisie (oorslaan)

Benoem die pant.
Toon die middelvoor en middelagter aan.
Voeg die draadlyn by. **[50]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Radeer en skei die agter- en die voorpant van die seunsbroek gebaseer op die skets in ADDENDUM A (aangeheg).

Benoem die pant en voeg die lengtedraad by.
Dui die kruislyn, knielyn, heuplyn en soomlyn aan.

3.1 Lê die langbroekvoorpant voor. (12)

3.2 Lê die langbroekagterpant voor. (12)
[24]

VRAAG 4

Bewerk 'n 5-jarige dogter se mou met plooitjies by die moukop op halfskaal. Gebruik die onderstaande mate. Gebruik die moupant op ADDENDUM B (aangeheg).

MATE:

Belegseldiepte	2 cm
Naattoelating	1,5 cm
Belegselrandnaat	5 mm
Mouboordjie/Pols vir hemp	21 cm
Mouboordjiediepte	3 cm

INSTRUKSIES:

Mou
Meet 5 cm onderarmpunte en trek loodlyn dwars.
Meet 2,5 cm na binne vanaf onderarmnate.
Trek belegsel in.
Dui voor- en agterskuinste aan.
Teken loodlyn afwaarts vanaf agter- en voorskuinstepunte (‘pitch’).
Verdeel middeldeel in ses.
Nommer elke deel.
Dui kolletjies onderaan elke dwarsstreep ('slash line') aan.
Dui dwarsstrepe aan en sny met lyne langs by die voulyn.
Dui 2 cm op elke dwarsstreep aan vir plooitjietoelating.
Dui plooitjies aan by moukop.
Voeg die draadlynlyn by. Benoem die patroon.

Mouboordjie
A – B = 21 cm mouboordjiegrootte
A – C = 3 cm mouboordjiediepte
C – D = 21 cm
B – D = 3 cm

4.1 Lê die beplanning van die mou voor. (26)

4.2 Lê die beplanning van die mouboordjie voor. (8)
[34]

VRAAG 5

Bestudeer die skets hier onder en gebruik die kopieë van die DAMESROMP MET MESPLOOIE en gebruik die pant, grootte 13, op ADDENDUM C (aangeheg), OP VYFDE SKAAL.



5.1 Lê die beplanningfase van die rompvoorpant voor. (17)

5.2 Lê die werkspatroon van die rompvoorpant voor. (25)

MATE:

Ritssluiterlengte	20 cm
Plooidiepte	4 cm

INSTRUKSIES:

A = Middelvoor middellyflyn.
B = Middelvoor soomlyn.
A–C = 4 cm.
B–D = 4 cm.
C–F en D-E = 4 cm
Skuif die pylnaat na die lyn vanaf F na E.
Teken die dwarsstrepe in.
Sny met die dwarsstrepe langs.
Versprei plooi twee keer plooidiepte
(2 × 4 cm).
Dui die rigting van die plooi aan.
Vou plooi om middellyflyn en soomlyn uit te blok.
Dui ritssluiterlengte aan.
Trek die heuplyn.
Merk draadlyn en benoem die patroondele.

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A


20
19
21
24
23
22
3
2
13
25
26
27
14
28
15
16
12
7
1
0
6
17
8
5
9
29
18
11
4
10
30

ADDENDUM B



ADDENDUM C



Kopiereg voorbehou